

Die verderf van Babilon

Die opgestane Jesus sal weer terugkeer na die aarde. Almal wat Hom liefhet, sal voor Hom in lofprysing neerval, maar al sy teëstanders sal met sy goddelike oordeel gekonfronteer word. So is die boek van Openbaringe 'n boek van hoop en verwagting vir hulle wat God aanbid, maar ook 'n boek van vrees en angs vir die oordele van God vir hulle wat teëstanders van God en sy koninkryk is.

Satan en die Antichris en die valse profeet is reeds in hoofstukke 12 en 13 as die antigoddelike drie-eenheid geteken wat die teëstanders van die goddelike Drie-eenheid, die Vader, die Seun en die Heilige Gees is. In Openbaring 17 word die sedelose vrou aan ons voorgedra, en in Openbaring 18 die val van Babilon. In simboliese taal word na Babilon verwys as die goddelose stad waarin die antigoddelike magte en kragte van die eindtyd saamgetrek is, met as doel die vernietiging van God se koninkryk.

'n Engel uit die hemel kondig met 'n sterk stem die val van Babilon aan. Dit sal 'n puinhoop word, 'n blyplek van duiwels. Geen mens sal daar woon nie, net bese geeste, onrein roofvoëls en onrein, afskuwelike diere (18:2). Babilon sal tot 'n val kom omdat al die nasies, die konings, die sakemanne en die seemanne van haar dwelmdrank gedrink het en hulle met haar verryk en besondig het (18:3).

Die vuur waarmee Babilon verbrand sal word, is die hoogtepunt van God se vernietigende oordeel. Babilon verkrummel in die hande van die kragtige God. Klaagliedere klink op van hulle, die konings, die sakemanne en die seemanne, wat die meeste gebaat het uit haar rykdom, immoraliteit en afgodery. Van bekering is daar egter geen sprake nie!

'n Ander engel roep die gelowiges met sy helder en duidelike stem op: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plaë wat oor haar kom, julle ook tref nie" (18:4). Moenie meedoen aan die praktyke van hierdie sedelose vrou nie en behandel haar net soos wat sy julle behandel het. Hierdie bekeringsoproep klink vandag nog vir elke gelowige op: Gaan uit hierdie sondige wêreld uit, my kind! Stry daarteen en breek daarmee. Beveg dit en verheug jou daarin: "... die oorwinning, die heerlikheid en die mag behoort aan ons God" (19:1). Het jy al gebreek met die sondige praktyke in jou lewe?

Sing: Skrifberyming 18-3:1, 2